Waterkruik

JAARGANG 61 NO 45 10 November 2024

Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
Video YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
Oudio Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand---PretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

EREDIENS VANDAG

Vanoggend word die Heilige Nagmaal gevier en die nagbetragtingsdiens is tydens die aanderediens.

DIENSBEURTE

Oggend: Wyke 1 & 2
Oudle.: Br. Hennie Steenkamp
Br. Johan Reynders
Diakens: Br. Francois de Kock
Br. Herman van Heerden
Br. Herman Bonnet
Br. Hanno Steenkamp

Aand: Wyke 3 & 4
Oudle.: Br. Arie Hoogenboezem
Br. Gerhardt Koekemoer
Diakens: Br. Christiaan Oosthuizen
Br. Hendrik Coetzee

KOLLEKTE

KOLLEKTES

Tydens die erediens: Die kollekte vandag is vir die Kinderhuise van die GKSA.
By die deure : Kerkkas

TEESKINKBEURTE

Die susters van wyk 21, olv Elmien van Staden, nooi almal uit om na afloop van die erediens 'n koppie tee of koffie te kom geniet.

PROGRAM VIR DIE WEEK

Maandag:
19:30 Oorsig NGB Pastorie en Aanlyn

Dinsdag: 09:30 Jeug van Gister (Senior)

Donderdag:
09:30 Bybelstudie in konsistorie

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

"Die Here sal jou altyd lei; selfs in dor streke sal Hy in jou behoeftes voorsien. Hy sal jou sterk maak." Jesaja 58:11

Maandag 11 November

Levi Meijer (4)	083 289 7599
Sr. Drieks Snyman	076 574 0850
Br. Peter v d Poel	073 523 2009

Donderdag 14 November

Sr. Jonel Viviers	074 387 8888

Sr. Drieks Snyman vier Maandag haar 95ste verjaardag. Hartlik geluk. Ons bid u die Here se seën toe op die nuwe lewensjaar. Mag u gelukkig wees. Ons wens u 'n mooi dag toe saam met u geliefdes.

MEELEWING

Hartlik geluk aan br. *Christiaan 082 415 4507 en sr. Elje* 076 630 7006 *Oosthuizen* met die geboorte van hulle verbondsdogtertjie, Hanna Ramona, die afgelope Donderdag. Ons bid haar en julle die Here se ryke seën toe. Mag sy saam met klein Johannes vir julle baie vreugde gee.

Ons is saam *br. Coen Labuschagne* en sy familie baie dankbaar dat hy 'n geslaagde operasie ongergaan het. Hy sterk steeds in die Pretoria Oos hospitaal. Ons bid jou spoedige herstel toe. 082 490 4111

Sr. Anet le Roux het nie die afgelope Woensdag 'n operasie ondergaan soos beplan nie, maar word Maandag geopereer. Ons bid dat God jou sal vashou in sy liefdevolle genade en die operasie sal seën. Ons bid jou 'n spoedige herstel toe. 066 542 1274

"Wie in My glo, glo nie net in My nie maar ook in Hom wat My gestuur het. 45En wie My sien, sien ook Hom wat My gestuur het. 46Ek het as die lig na die wêreld toe gekom, sodat dié wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie." Johannes 12: 44-46

SANGGROEP

SANGGROEP: belangrike oefening
Sondagmiddag om 16:30
Kontak Ansie as jy nog wil kom deelneem.
Almal welkom! 072 605 8675

BYBELSTUDIE VIR OUERS MET JONG KINDERS

Ons het 'n nuwe Bybelstudiegroep begin met 'n paar ouers met jong kinders. Ons kom weekliks bymekaar om die Woord van God te bestudeer. Enigiemand wat betrokke wil raak kan Herman van Heerden kontak by 082 604 3352.

OORSIG NGB MAANDAG 19:30

Oorsig oor die Nederlandse Geloofsbelydenis - aangebied deur ds. Gerben Meijer

Is daar al van die dinge wat jy van jou katkisasiedae vergeet het? Wonder jy oor hoekom sekere dinge in die kerk gebeur soos wat dit gebeur?

Oor die volgende weke is hier 'n geleentheid om jou kennis weer op te skerp. In ses aande sal ons deur die Nederlandse Geloofsbelydenis werk. Hierdie belydenisskif vat die geloof soos wat ons dit as Gereformeerde kerke bely, kragtig vanuit die Woord saam. Hierin kry jy 'n deeglike oorsig oor dit wat ons deur die eeue heen as die kerk van die Here bely. Daar sal ruim geleentheid wees vir vrae en bespreking. Kom woon dit gerus by of skakel aanlyn in. Laat weet asseblief vir ds. Gerben indien jy wil deelneem, sodat al die nodige praktiese reëlings getref kan word.

3 September 19:30: Sessie 1 - Oor wie God is en hoe ons Hom ken (Artikels 1-7)

10 September 19:30: Sessie 2 - Oor God drie-enig (Artikels 8-13)

17 September 19:30: Sessie 3 - Oor die uitverkiesing en erfsonde (Artikels 14-16)

11 November 19:30: Sessie 4 - Oor ons redding deur Christus (Artikels 17-26)

18 November 19:30: Sessie 5 - Oor die kerk (Artikels 27-32)

25 November 19:30: Sessie 6 - Oor die sakramente en die ewigheid(Artikels 33-37)



PROGRAM VIR DIE RES VAN 2024

Dinsdag 12 November
09:30 Afsluiting Jeug van Gister

Sondag 24 November
09:00 Erediens
Kersprogram

Vrydag 28 November
Belydeniskamp

Woensdag 25 Desember
09:00 Kersdiens

'N LEWE TOT EER VAN GOD

Kolossense 1:1-14
Fokusgedeelte: Kolossense 1:9, 10a (AFR83/53)

Op 31 Oktober 1517 het Martin Luther sy 95 stellings teen die deur van die kerk in Wittenberg vasgespyker. Dit het die Reformasie ingelei wat teen die dwalinge van die Roomse Kerk gemik was. Dwalinge wat die kerk in oneer voor die Here gebring het. Dit is dus nodig dat ons gedurig sal reformeer sodat die lewe van die kinders van die HERE tot sy eer sal wees.

'n Lewe tot eer van God is om sy wil te ken en dit te doen. Dit is waarop Paulus dan ook klem lê in dié gedeelte van sy brief aan die gemeente van Kolosse, wat geteister is deur dwalinge wat daar wou insluip.

Om die wil van God te ken en dit te doen, is egter nie iets wat uit onsself kom nie. Die mens is van nature geneig om sy eie wil voorop te stel en net te doen wat hy wil doen. Daarom dat Paulus bid vir die gemeente, dat God hulle die wysheid en die insig deur die Gees sal gee om sy wil te ken, en net te doen wat HY verlang tot sy eer.

Daar is vandag netsoveel dwalinge soos in die tyd van Paulus en in die tyd van Luther, indien nie meer nie. Daarom is dit so broodnodig dat ons gedurig sal bid, nie net vir onsself nie, maar ook vir ander gelowiges, ander gemeentes. Bid dat God ons deur die Gees die wysheid en insig sal gee om sy wil te ken en ons sal help om dit te doen. Dit is alleen wanneer ons ons biddend laat lei deur God, wat ons deur Jesus Christus in die verbond met Hom gebring het, dat ons sal doen wat Hy van ons verlang.

Ds. R (Riaan) Jansen van Vuuren (Lichtenburg) (Almanak 31/10/2024)

FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

PREDIKANT **SKRIBA**
Ds. Gerben Meijer Gert Wibbelink
062 279 4469 082 787 6537

VOORS DIAK **OUDL. SKRIBA**
Herman van Heerden Gert Wibbelink
082 604 3352 082 787 6537

ORRELIS **SONDAGKOSTER**
Ansie Wichmann Riaan Reinecke
072 605 8675 079 903 3930

WEEKKOSTER
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOOR
Nienke van der Walt 083 398 9080

KANTOORURE by die kantoor
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

BANKBESONDERHEDE
Kerk
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

Diakens
ABSA: Diakonie Spaar Rek. No. 9139785681

PARKERING

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

e-pos kerk: admin@gkwaterk.co.za
webwerf: www.gkwaterkloofrand.org.za

KERKKAS

Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

DIAKENS

Snap here to pay
SnapScan